Me. Tasneem Essop, Wes-Kaapse minister van omgewingsake, en mnr. Roger Diamond, die projekbestuurder van 2Wise2Waste, by die daktuin op die provinsiale kantore van die Wes-Kaapse regering. **Foto: YUNUS MOHAMED**

Staatsgebou kry 'n inheemse daktuin

KAAPSTAD. – 'n Inheemse daktuin is gister deur die provinsiale minister van omgewingsake, me. Tasneem Essop, in Dorpstraat by 'n staatsgebou hier geopen.

Dié geleentheid het ook gedien as die amptelike bekendstelling van die departement van omgewingsake se 2Wise-2Waste-projek. Dié projek behels dat regeringsdepartemente hul aktiwiteite só bestuur dat dit die minimum impak op die omgewing het.

"Ons moet onmiddellik en daadwerklik optree om die mens se impak op die omgewing te verminder en klimaatsveranderinge te stuit. Die onlangse droogtes en waterbeperkings in die Wes-Kaap bewys dat hierdie kwessies 'n werklikheid is," het Essop gesê.

Volgens haar is die projek aanvanklik deur die departement van omgewingsake begin, maar is dit ook na ander departemente uitgebrei.

Die daktuin vorm deel van 'n plan om staatsgeboue "groen" te maak. Die inheemse plantegroei en uitleg is nie net vir estetiese doeleindes nie, maar dit is ook funksioneel. "Die laag grond op die dak dien as isolasie wat die gebou koeler hou in die somer en warm in die winter. Dit absorbeer ook baie reënwater, wat andersins deur stormwaterstelsels afgevoer moet word," het mnr. Roger Diamond, projekbestuurder van 2Wise-2Waste gesê.

Die projek fokus op die herwinning van afval en besparing van energie, water en papier.

Volgens Essop het herwinning en besparing nie net 'n morele voordeel nie, maar dit maak ook sin vanuit 'n sake-oogpunt. "Hoewel so 'n program 'n aanvanklike belegging vereis, lewer dit op lang termyn groot dividende." – **Francois Oosthuizen**